# Die opkoms en huidige stand van die Nuwe-Testamentiese ondersoek in Suid-Afrika: Deel 1*

A B du Toit
Universiteit van Pretoria

Abstract
The rise and current state of New Testament research in South Africa

In the first part of this presentation the ground-breaking contributions of John William Colenso and Johannes du Plessis are summarily characterized, as well as the pioneering role of E P Groenewald, W J Snyman and A S Geyser.

## 1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Eers 'n opmerking oor die feit dat die geskiedenis van die plaaslike Nuwe-Testamentiese ondersoek in twee fases verdeel word. Die lewe laat hom selde in netjiese vakkies inpas; ook nie daardie stuk geleefde verlede wat die geskiedenis genoem word nie. Wanneer ek die ontwikkelingsgang van die Nuwe-Testamentiese ondersoek in Suid-Afrika dan tog in die tydperk voor en na 1965 laat uiteenval, geskied dit in die oortuiging dat die stigting van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika (NTWSA) in daardie jaar wel 'n belangrike keerpunt verteenwoordig.

'n Tweede inleidende opmerking raak die eensydige fokus op die Nuwe-Testamentiese ondersoek. Die ensiklopediese skeiding tussen Ou en Nuwe Testament

* Hierdie is die eerste deel van 'n geredigeerde weergawe van 'n referaat voorgelê by die simposium tussen Nederlandse en Suid-Afrikaanse Nuwe-Testamentici gehou op 2-3 Augustus 1993, Utrecht, Nederland.

was immers die gevolg van bloot praktiese oorwegings. Soos elders loop die wetenskap-teoretiese ontwikkeling van hierdie twee vertakkings van die Bybelwetenskap ook in Suid-Afrika hand aan hand. Vanweë beperkings deur die aard van hierdie simposium en skrywer se eie vakkundigheid opgelê, fokus hierdie artikel op die Nuwe Testament behalwe in die geval van belangrike kruispunte (vgl egter, wat die Ou Testament betref, Le Roux 1993).

'n Derde opmerking gaan oor die kursoriese aard van hierdie aanbieding. Vanweë die besondere geleentheid waarom dit hier gaan, was skrywer verplig om hom uitermate te beperk. Daarom kan dit om niks meer as breë tiperings gaan nie. Ook moes uiters selektief te werk gegaan word en kon lank nie alle strominge, standpunte en persone wat detailstudie verdien, aan bod kom nie! En waar dit wel gebeur het, was diepgaande analise begryplikerwyse onmoontlik.

## 2. DIE TYDPERK VOOR 1965

Aanvanklik is nie veel gespesialiseerde werk in die Bybelwetenskap gedoen nie. Die onmiddellike behoefte van 'n jong, ontwikkelende land in sy pioniersfase was die opleiding van evangeliedienaars. Die tyd vir en behoefte aan diepgaande wetenskaplike Skrifondersoek het ontbreek. Ook was hulpbronne ontoereikend. Selfs nog in 1943 kla Gerdener dat Suid-Afrika al staatsmanne en wetenskaplikes van internasionale faam aan die wêreld gegee het, maar nog geen teoloë nie. As rede hiervoor voer hy onder meer aan die eise van die bediening en gebrekkige fasiliteite (Gerdener 1943:156, 178).

Daar was egter ook die uitsonderings, waarvan Colenso een was. Geen bespreking van die Bybelwetenskap in Suid-Afrika kan aan die persoon van John William Colenso, biskop van Natal (1853-1883), verbygaan nie (kyk ook Le Roux 1993:2-10). Tydens sy vormingsjare in Engeland is hy diep beïnvloed deur die destydse wetenskaplike en industriële ontwikkelings wat bygedra het tot die sogenaamde Viktoriaanse krisis, waarin gevestigde Anglikaanse tradisies deur liberale Christelike denkers asoos Coleridge bevraagteken is. In reaksie daarteen het die kerk teruggeval op 'n rigiede, letterlike Skrifinterpretasie (Draper & West 1989:31).

Colenso wou nie die gesag van die Skrif aantas nie, maar die wyse waarop dit verkeerdelik as 'n onfeilbare historiese en wetenskaplike bron beskou is: 'The Bible can no longer be regarded as infallibly true in matters of history as well as science... the writers wrote as men, with the same liability to error from any cause as other men' (Colenso 1865, I:1 soos gesiteer by Draper & West 1989:31). Colenso se Skrifkritiek gaan veral oor die Pentateug. Ons kry by hom 'n treffende kombinasie van liberale Skrifkritiek en sosiale betrokkenheid. Hierdie twee motiewe staan by hom

egter nie los van mekaar nie. Volgens Draper en West (1989:32) was die gerigtheid van sy Skrifhantering juis om die Bybel relevant te maak vir die mense onder wie hy gewerk het. Sy Skrifstandpunt word egter as 'n bedreiging ervaar. Uiteindelik word hy deur sy kerk geëkskommunikeer en sterf in 1883 as 'n misverstane en tragiese figuur.

Daar is gepoog om die kritiese vrae wat hy ter tafel gelê het, te smoor, enersyds deur van hom 'n karikatuur te maak, andersyds deur hom dood te swyg (Guy 1983: 132-139). Op die lang duur het dit egter nie geslaag nie. Volgens Draper en West (1989:33) word sy nalatenskap skaars agt jaar later opgeneem deur Charles Gore, die stigter van die Community of the Resurrection. Gore gaan van die oortuiging uit dat Skrifinterpretasie vry moet wees vir openlike diskussie, sonder om deur belydenis en dogma ingekapsel te word (Draper & West 1989:33).

Die tradisie wat deur Colenso en Gore gevestig is, sou sy merk laat op inrigtings soos St Peter's, St Paul's en St Bede's, asook op talle studente wat te Rosettenville en later Alice, Grahamstad en Pietermaritzburg opgelei is. Wanneer Draper en West (1989:35) die basiese Skrifbenadering van hierdie opleiding as die histories-kritiese karakteriseer en John Suggit, later professor in Nuwe Testament te Grahamstad, 'n 'eminent exponent of the historical-critical method in South Africa' noem, moet die term 'histories-krities' egter nie in die streng Duitse sin verstaan word nie, alhoewel daar telkens wisselwerking met die Duitsers was. 'Histories-krities' moet hier eerder verstaan word in die sin van die reeds lank gevestigde liberale Engelse tradisie waaraan groot name soos J B Lightfoot, Westcott, Hort, Ramsay, Vincent Taylor, C H Dodd, C F D Moule, C K Barrett en selfs die meer konserwatiewe F F Bruce verbind word. Opvallend ten opsigte van die Suid-Afrikaanse eksponente van hierdie rigting was hulle sterk sosiale *engagement*, 'n tradisie wat ook reeds by vroeëre sendingpioniers en by Colenso na vore getree het. Dit sou uiteindelik vanuit die Swart Bewussynsbeweging en in besonder die *Kairos*-dokument 'n nuwe stimulus ontvang (Draper & West 1989:34-37).

Wat die Afrikaanse kerke betref, was die eerste Nuwe-Testamentiese proefskrif dié van H S Pretorius wat in 1915 aan die Vrije Universiteit gepromoveer het. Die titel van die proefskrif was 'Bijdrage tot de exegese en de geschiedenis der exegese van Romeinen VII'. Herman Ridderbos (1959:147-164) maak in sy bekende Romeinekommentaar nog herhaaldelik van hierdie werk gebruik. Net die volgende jaar promoveer M J van der Westhuizen, ook aan die Vrije Universiteit, oor die onderwerp 'De antichrist in het Nieuwe Testament: Exegetische studie'. In 1921 promoveer N J van der Merwe aan die Vrije Universiteit van Amsterdam met 'n Afrikaans-geskrewe proefskrif onder die titel 'Die sosiale prediking van Jesus Christus'. Twee sake trek hier ons aandag: Eerstens die verskuiwing van Nederlands na

Afrikaans as taalmedium. Dat Van der Merwe sy proefskrif in Afrikaans skryf, sou geensins vreemd aandoen nie, want dit was ook hy wat vyf jaar te vore as predikant van die gemeente Wepener 'n voorstel deur die Vrystaatse sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geloods het dat Afrikaans, naas Nederlands, as kanseltaal gebruik kon word. Tweedens merk ons hier 'n opvallende maatskaplike relevansie op wat die destydse gissinge en woelinge in die Suid-Afrikaanse samelewing rondom die arbeidsbeweging reflekteer (vgl ook T C de Villiers 1922 – wat egter nie op die Nuwe Testament konsentreer nie).

By al drie hierdie nuwe doktore tree 'n tendens na vore wat vorentoe steeds sterker sou word, naamlik dat Afrikaanssprekende teologiese studente, wat vroeër byna almal in Utrecht en Leiden studeer het, nou na Amsterdam gaan. Reeds in 1903 promoveer J D du Toit (Totius) aldaar, en in 1910 eers W P Steenkamp en daarna W A Joubert. Wanneer laasgenoemde die teologie van die Utrechtse geleerdes Doedes en Van Oosterzee, wie se werke op daardie stadium in die Kweekskool te Stellenbosch in gebruik was, afspeel teen die konfessionele rigting van Kuyper en Bavinck, kom die redakteur van die Kerkbode nog daarteen in verset. Hy skrywe dat die gees 'die op onze Theologische Kweekskool te Stellenbosch heerscht, de geest is van het Réveil en van de Utrechtse hoogeschool' (Gerdener 1943:90). Weldra sou toestande heelwat verander.

In 1916 word Ds Johannes du Plessis, wat in 1893 sy BD-graad in Edinburgh behaal het, professor in Nuwe-Testamentiese inleiding en eksegese en sendingwetenskap (vgl Erasmus 1986:229-236) aan die Theologische Kweekskool te Stellenbosch, terwyl Professor J H J A Greyvenstein in 1917 aan die Teologiese Fakulteit te Pretoria Nuwe-Testamentiese lesings aan die studente van die Nederduitsch Hervormde Kerk begin gee. Laasgenoemde het in 1911 oor die etiek van die Britse filosoof Jeremy Bentham in Utrecht gepromoveer. Hy toon 'n duidelike openheid vir die histories-kritiese benadering en lê in hierdie verband 'n basis wat in die betrokke fakulteit voortgesit sou word. Terselfdertyd paar en temper hy die standpunte van bepaalde eksponente van hierdie werkswyse met 'n eie standpuntinname en 'n sterk aksent op die geloof as 'n innige afhanklikheidsgevoel (vgl verder Van Aarde 1992a: 139-158).

Dit was egter Du Plessis wat die teologiese werf in beroering gebring het (vgl hieroor Deist 1986; Le Roux 1986; Erasmus 1986). Alhoewel hy nie tydens sy studie in Edinburgh gepromoveer het nie, was hierdie uiters intelligente en wydbelese man, wat onder meer ook sending-kundige van naam was en Afrika verskillende kere deurreis het, 'n groot gees met 'n buitengewoon ruim visie en daarby 'n vlymskerp wetenskaplike ingesteldheid. Hy was egter ook 'n vroom mens met 'n kinderlike geloof wat hy sy lewe lank nie onder tafels en stoele weggesteek het nie.

Du Plessis se wetenskaplike kwaliteite sou nie onerken bly nie. Terwyl die Universiteit van Suid-Afrika nog oorweeg om aan hom 'n ere-doktorsgraad toe te ken, word verneem dat sy *alma mater*, die Universiteit van Kaapstad, reeds besluit het om hom met 'n D Litt te vereer. Dit geskied op 19 Desember 1922 (Erasmus 1986: 257). Kort daarna skryf die redakteur van die Kerkbode: 'Zo ooit een honoraire titel verdiend werd, dan is deze verdiend en de toekenning is geenzins te vroeg gekomen....Hij heeft de zin van de ware historicus en de nauwgezetheid van de wetenschaplijke onderzoeker' (Gerdener 1943:143). Hierdie D Litt word in 1925 gevolg deur 'n eregraad in die teologie van die Universiteit van Edinburgh.

In Januarie 1923 begin Du Plessis die maandblad 'Het Zoeklicht', wat bedoel was vir die wetenskaplike bespreking van politieke, maatskaplike en kerklike vraagstukke. Meer as enigiets anders was dit Du Plessis se standpunte, soos gestel in *Het Zoeklicht*, wat die storm binne die Kaapse Kerk ontketen het. Hy was van nature 'n onverskrokke polemis (Gerdener 1943:84-85), en het dit geniet om sy intellektuele en geestelike spiere teen ander te toets. Self het hy toegegee dat hy geneig was om 'te hard op die pen te druk' en die saak dan agterna mondeling in die reine moes bring (Gerdener 1943:179; vgl ook Le Roux 1993:12: '[I]n writing he had the inclination to express himself harshly and to schock people out of their wits'). As dit nie was vir Du Plessis se akademiese aggressiwiteit aan die een kant, en die oorgevoeligheid van die Kaapse Kerk (vanweë die stryd teen die liberale rigting in die tweede helfte van die vorige eeu) aan die ander kant nie, kon die hele saak miskien in der minne geskik gewees het, soos onder meer blyk uit die feit dat die strydende partye meermale op die rand van versoening was.

Dit is uiters moeilik om tussen die skeeftrekkings van heldeverering aan die een kant, en verkettering aan die ander kant, agter die historiese waarheid te kom. Soos reeds hierbo geblyk het, was Du Plessis self geensins blaamvry nie. Hy was ook nie heeltemal konsekwent in sy standpuntinnames nie. Aan die ander kant was dit 'n belangrike strategiese fout van die kerk om die wetenskaplike probleme waarop Du Plessis die aandag gevestig het, nie deeglik genoeg onder die loep te neem nie. Dit het 'n geweldige emosionele saak geword wat inderdaad nie bevorderlik was vir 'n diepgaande ondersoek van die probleme as sodanig nie.

Die kritiek teen Du Plessis het veral oor die volgende punte gegaan:

* Eerstens is gemeen dat sy inspirasiebeskouing die gesag van die Skrif ondermyn. Du Plessis het met nadruk verklaar dat alle dele van die Skrif, ook die historiese dele, geïnspireer was, maar dat hierdie inspirasie, en daarom ook die Skrif se onfeilbaarheid, slegs op die geestelike inhoud, die saligmakende waarheidsaspek van die Skrif betrekking het. Op die historiese vlak bevat die Bybel wel sekere foute, wat egter nie sy gesag aantas nie (vgl Malan 1933:137). Om sowel

vir die openbaringskarakter as vir die historiese foute in die Skrif teoreties voorsiening te maak, onderskei Du Plessis tussen die Bybel as Goddelike en menslike boek, wat dit vir hom moontlik maak om die gesag van die Bybel enersyds voluit te aanvaar, maar andersins ook sy foute onbevange uit te wys (vgl verder Le Roux 1986:16-24).

* Die tweede probleem was Du Plessis se instemming met die hoër kritiek. Met 'hoër kritiek' is bedoel die werkwyse van die histories-kritiese benadering, wat hom met historiese vraagstellings soos datering, outeurskap en bronne besig gehou het, teenoor die 'laer kritiek' verstaan as tekskritiek. Hy verklaar in 1927 dat hy hom vir sewe en dertig jaar besig gehou het met die studie van kritiese kwessies en steeds die behoudende standpunt ingeneem het. Na langdurige, eerlike studie moes hy egter erken 'dat de tradisionele opvatting verkeerd is en dat de kritici in hun ontleding van het OT gelijk hebben' (Gerdener 1943:166-167). As voorbeelde van die bevindinge wat hy met die histories-kritici gedeel het, geld die ontkenning van die Mosaïese outeurskap van die grootste deel van die Pentateug en die allegoriese verstaan van die boek Jona. Hierdie aanvaarding van die metodes en resultate van die hoër kritiek was vir hom heeltemal verenigbaar met 'n kinderlike geloof (Gerdener 1943:167). Volgens Gerdener was die verhouding tussen geloof en rede vir hom geen probleem nie. Hulle beweeg op twee verskillende vlakke en vul mekaar aan (Gerdener 1943:215 – Dit bly egter 'n vraag of Gerdener hiermee heeltemal gelyk het; vgl ons latere bespreking).
* Die derde beswaar het gehandel oor Du Plessis se Christologiese oortuigings. Met verwysing na sekere 'geheue-feile' in Jesus se aanhalings uit die Ou Testament, kom hy tot die gevolgtrekking dat Jesus na sy menslikheid 'n beperkte kennis besit het.

Hierdie drie besware was die basis vir die driedubbele kerklike klag teen Du Plessis. Hy word deur die sinode van sy kerk skuldig bevind en verloor in 1932 die *venia legendi* aan die Kweekskool. As gevolg van verswakte gesondheid sterf hierdie groot en tot op sy sterfdag lojale seun van sy kerk drie jare later te Stellenbosch. Die skokgolwe van die Du Plessis-saak sou egter nog lank gevoel word. Die uitwerking daarvan op die beoefening van die Bybelwetenskap binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk was traumaties. Vir baie lank was 'n soort skisofrenie tussen die besef aan die een kant van die noodsaak om histories te werk te gaan, en die vrees aan die ander kant om 'n tweede Du Plessis-stryd te ontketen, duidelik merkbaar.

Hierbo is gewys op die bydrae van geleerdes van Engelse herkoms tot die ontwikkeling van die Nuwe-Testamentiese wetenskap in Suid-Afrika. Ten spyte van die

gewaardeerde rol van bepaalde enkelinge, is hierdie groep aanvanklik nie prominent nie. Selfs so laat as 1978 skryf die redakteur van die *Journal of Theology for Southern Africa* nog: 'There appears to be a death of New Testament scholarship in our midst, exceptions notwithstanding' (De Gruchy 1978:2). Die situasie is egter ondertussen besig om te verander.

Onder die Afrikaanse Nuwe-Testamentici is die bekendstes in hierdie tyd die professore E P Groenewald, A S Geyser, W J Snyman, J J Müller, H L N Joubert en, op 'n later stadium, ook J L de Villiers.

Die bestemming vir haas alle belowende Afrikaanse Nuwe-Testamentici in die tydperk rondom die Tweede Wêreldoorlog was nou die Vrije Universiteit, met Professor F W Grosheide in die betrokke leerstoel. Nog later sou veral Professor Ridderbos van Kampen Suid-Afrikaners trek.

Onder die bogemelde Suid-Afrikaners was Groenewald, Snyman, Joubert en De Villiers Grosheide-studente. Eersgenoemde se proefskriftema was:'Κοινωνία (gemeenskap) by Paulus', voltooi in 1932. H L N Joubert promoveer in 1939 met 'n proefskrif getitel 'Die roeping, sending en sendingbewussyn van die Nuwe-Testamentiese apostel', en elf jaar later promoveer J L de Villiers met die tema 'Die betekenis van υἱοθεσία in die briewe van Paulus".

Die vierde Grosheide-leerling was die latere Professor W J Snyman. Sy ver gevorderde proefskrif oor 'Die ekklesia in die Nuwe Testament' is tydens sy terugreis na Suid-Afrika op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog deur 'n brand in die skeepsruim vernietig. Hoewel hy hierdie proefskrif nooit voltooi het nie, word hy 'n gerespekteerde dosent aan die Teologiese Skool te Potchefstroom en slaag hy daarin om 'n besondere liefde vir sy vak by talle studente te kweek.

Die *doyen* van Afrikaanse Nuwe-Testamentici was ongetwyfeld E P Groenewald wat sy belangstelling in die studie van die Nuwe Testament van Johannes du Plessis ontvang het. As besonder knap en toegewyde student vertrek hy onder die donker wolk van die Du Plessisstryd na Nederland. Tydens sy studietydperk in Amsterdam besoek hy onder andere Adolf Deissmann in Berlyn, wat ook die onderwerp vir sy proefskrif aan die hand doen. Hy bring voorts 'n semester in Tübingen deur waar hy sterk deur Gerard Kittel beïnvloed word. In die voorwoord tot sy proefskrif getuig hy van die 'warme liefde' vir die bestudering van die Nuwe Testament wat Kittel in sy hart laat ontbrand het (Groenewald 1932:voorwoord). Hy word in 1938 professor in die Nuwe Testament aan die pasgestigte Nederduitse Gereformeerde Kerk Afdeling (Afdeling B) van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria, en sou gaandeweg sy stempel al hoe sterker op Nuwe-Testamentiese studie in Suid-Afrika afdruk. Uit sy hand verskyn die heel eerste werklik wetenskaplike Afrikaanse kommentaar op 'n Nuwe-Testamentiese boek, te wete die Markusevangelie

(Groenewald 1948). Hy is bekend met die *Formgeschichte* en die onderskeie strominge in die Duitse teologie. Met sy intreerede (Groenewald 1938) verwys hy baie positief na die histories-kritiese metode, maar met enkele voorbehoude. Ook in sy klasse maak hy gekwalifiseerd van aspekte van die histories-kritiese benadering gebruik. Voorbeelde hiervan is die histories-kritiese insigte aangaande die voorgeskiedenis van die Sinoptiese Evangelies en die twee-bronne hipotese (vgl ook Groenewald 1948:9-14).

Opgroeiend in die era van die worsteling van die Afrikaner om erkenning vir sy taal en nasionale strewes, het persone soos Groenewald, Snyman en ander destydse Afrikaanse teoloë hulle vereenselwig met 'n idealistiese siening van wat beskou is as 'regverdige rasse-apartheid'. Vanweë hulle pogings om die apartheids-ideologie Bybels te verdedig het hulle nie net ernstige kritiek van tydgenote soos B B Keet en B J Marais ontvang nie, maar veral ook van 'n jonger geslag wat die onmenslike gevolge van apartheid in beter perspektief kon plaas (Lombard 1985; J Marais 1986; Kinghorn 1986; vgl ook Loubser 1987 en Botha 1992:179-184).

Sy intreerede in 1938 het gehandel oor 'Die eksegese van die Nuwe Testament'. Dit sou steeds die swaartepunt van sy werk bly. Hy aanvaar die Nestlé-teks en lê swaar klem op die belang van die grondtale en woordstudie. As gevolg van sy kenmerkende noukeurigheid en diepe eerbied vir die grondteks, word die betrokke departement bekend vir sy sterk eksegetiese tradisie, en word Nuwe-Testamentici gevorm wat later aan etlike fakulteite 'n leidende plek sou inneem. Ook sy werk as voorsitter vir die 1983-Bybelvertaling lê in die verlengde hiervan.

Soos by meeste van sy Afrikaanse tydgenote funksioneer die histories-kritiese vraagstelling nie sterk by Groenewald nie. Hy verwerp die Pauliniese outeurskap van Hebreërs, maar aanvaar Paulus as outeur van die hele *corpus Paulinum*. Ten opsigte van verskille tussen die sinoptiese evangelies is hy geneig om te harmonieer. Hierdie huiwering ten opsigte van die historiese vraagstelling kan teruggevoer word op 'n aantal belangrike historiese faktore, waarvan vele ook vir sy Afrikaans-sprekende tydgenote gegeld het:

* Eerstens was daar die inhiberende uitwerking van die Du Plessisstryd. Vanweë sy assosiasie met Du Plessis sou Groenewald hierdie uitwerking op besondere wyse beleef. Daarby kom die feit dat die Teologiese Fakulteit (Afdeling B), waarvan hy die eerste hoogleraar in Nuwe Testament en vir baie jare dekaan was, vanaf sy stigting met arendsoë betrag sou word. Daar het by vele 'n agterdog bestaan dat hierdie fakulteit 'n nuwe bastion vir modernistiese idees kon word en dat hier weldra 'n Du Plessis *redivivus* na vore sou tree. Hierdie verdag was veral sterk in die Oranje Vrystaat en studente afkomstig uit Pretoria sou vir baie jare 'n sterk weerstand ten opsigte van kerklike beroeping daarheen beleef.

Die Vrystaatse kerk het reeds in 1928, in reaksie teen die Du-Plessisstandpunte, 'n aantal leerbesluite geformuleer wat in die vorm van 'n konfessionele verklaring onderaan elke beroepsbrief onderteken moes word. Hierdie leerbesluite het ingesluit 'n afwysing van die idee dat alleen die religieus-etiese of geloofswaarhede in die Bybel onfeilbaar is; dat die Bybelse wonders deur die menslike rede verklaar kan word; dat die verhaal van die skepping en sondeval, soos vervat in Genesis, simbolies of allegories opgevat kan word (vgl die Geelkerkensaak!); dat die kritiese rekonstruksie van Israel se geskiedenis in ewolusionistiese sin aanneemlik is; dat Jesus Christus homself soms by die heersende menings en dwalings van sy tyd aangepas het; en dat Jesus Christus se standpunt oor Moses as skrywer van die Pentateug, oor Jona in die vis en Dawid as skrywer van Psalm 110 nie onfeilbaar is nie (vgl Du Plessis 1931:147-148). Groenewald self, wat na die Vrystaatse dorp Bethulie beroep was, het sy beroepsbrief slegs na 'n groot worsteling onderteken. (Ter wille van die kerkhistoriese waarde daarvan word die bewoording van hierdie beroepsbrief, wat eers in die sewentigerjare gewysig is, by wyse van 'n addendum aan die einde van hierdie artikelreeks aangeheg.)

- Sedert die tweede dekade van ons eeu is daar in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, onder invloed van die afskeiding in Nederland, besondere klem op die belydenisskrifte geplaas. Die verskuiwing na Amsterdam en later Kampen het meegebring dat Aalders, Grosheide en Greijdanus se standpunte as't ware as die enigste belydenismatige aanvaar is. Geen wonder dat so dikwels in die eksegese 'met Aalders' gekonkludeer is nie. Groenewald self was 'n onafhanklike denker, maar hierdie ontwikkeling het op hom en sy kollegas sterk druk geplaas.
- 'n Derde en eweneens belangrike oorweging was die pastorale. Reeds tydens die Du Plessisstryd is veel gemaak van die vroom gemoed van die gewone gelowige. Du Plessis se radikale beskouings het die gewone gelowige geskok. Vir 'n kerkmens soos Groenewald het hierdie oorweging tereg besonder swaar geweeg.
- 'n Vierde oorweging kan genoem word die 'Lebensgefühl' van die Afrikaner in hierdie tydvak. Dit was die tyd van 'n konserwatiewe, holistiese werklikheidsbelewenis. Die stryd van die Afrikaner teen Britse oorheersing, wat nog tot diep in hierdie eeu voortgeduur het, het eersgenoemde tot 'n soliede, grootliks homogene eenheid saamgesmee. Daarom was dit byna ondenkbaar dat 'n prominente teoloog polities konserwatief maar tegelyk teologies liberaal of andersom kon wees, laat staan nog liberaal in albei opsigte.

Ondertussen het die teologie-beoefening in die Nederduitsch Hervormde Kerk sy eie gang gegaan. Die bande tussen die Hervormde Kerk se fakulteit in Pretoria en Nederland was in hierdie tydvak nog uitstekend. Die latere Professor S P Engelbrecht, wat vir sewe jaar in Nederland studeer het, promoveer in 1921 aan die Utrechtse Rijksuniversiteit. In 1926 aanvaar die bekwame Nederlandse Ou-Testamentikus B Gemser die leerstoel in Ou Testament. In 1938 word die briljante Adrianus van Selms dosent in Semitiese tale aan dieselfde universiteit en oefen na die oorlog 'n wye invloed uit. Die later baie bekende W C van Unnik word in 1939 genader om die Nuwe-Testamentiese leerstoel oor te neem en verklaar hom daartoe bereid. Hy word egter deur die oorlogsituasie verhinder om te kom. Eersgenoemde twee Nederlanders gee aan die Bybelwetenskap hier te lande 'n besondere stimulus. Veral Van Selms sou baie geslagte wordende predikante sterk beïnvloed.

Wat die verdere Nuwe-Testamentiese ondersoek aan hierdie fakulteit betref, aanvaar A S Geyser in 1946 hierdie leerstoel. Hy werk in 'n groot mate historieskrities en doen besonderlik navorsing op die tydhistoriese dokumente en die voorgeskiedenis van die vroeë kerk (vgl veral Van Aarde 1992b:175-176). Hierby het sy besondere taalaanleg hom goed te pas gekom. Hy word bekend in internasionale kringe en is vir baie jare die enigste Suid-Afrikaanse lid van die *Societas Novi Testamenti Studiorum*. Hy dien ook op die redaksie van *Novum Testamentum*.

Wat hierbo as die holistiese *Lebensgefühl* van die Afrikanervolk beskryf is, sou hom egter met groot geweld tref. In 1961 moes hy na 'n ongelukkige hofgeding sy leerstoel ontruim. Die amptelike kerklike klag was geformuleer as 'n Christologiese dwaling op grond van sy eksegese van die Christushimne in Filippense 2:6-11; die nie-amptelike was ongetwyfeld sy afwysing van apartheid wat hom vir geruime tyd reeds *persona non grata* binne die polities sterk konserwatiewe Nederduitsch Hervormde Kerk gemaak het (vgl Engelbrecht 1988:4-5).

Anders as in die geval van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat lank na die Du Plessissaak nog daarvan gesteier het, het die Geyserdrama nie 'n merkbare invloed op die Nuwe-Testamentiese ondersoek in hierdie kerk gehad nie. Veral in die lig van die reedsgenoemde holistiese *Lebensgefühl* wat in die Nederduitsch Hervormde Kerk besonder sterk was, is hierdie situasie tog verrassend. Aan die een kant het die indruk dat die Christologiese 'afwyking' nie die enigste faktor in die Geysersaak was nie, waarskynlik 'n belangrike rol gespeel. Die jarelange volgehoue klem op die vryheid van die eksegese, wat onder Nederlandse Hervormde invloed van aanvang af hier gevestig is, het egter ook 'n groot rol gespeel. Hierdie tradisie, wat uiteraard ook sy eie besondere risiko's bevat, sou deur latere dosente soos Pelser (vir geruime tyd voorsitter van die Pauliniese studiegroep van die NTWSA) en Van Aarde voortgesit word. 'n Meer omvattende bespreking van die Bybelweten-

skappe in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika uit die pen van S W van Heerden verskyn eersdaags as supplement by *Hervormde Teologiese Studies* (aankondiging by Oberholzer 1992).

Ten spyte van onderlinge verskille sou wetenskaplikes van die kaliber van Groenewald, Snyman en Geyser tesame met knap Ou-Testamentici soos Verhoef, Van Zyl, Fensham en Oberholzer die grondslag lê vir die komende opbloei van die Afrikaanse Bybelwetenskap. Ongetwyfeld het uitstekende departemente vir Semitiese Tale en Grieks ook hiertoe bygedra. J L de Villiers, wat eers dosent was te Bellville en later te Stellenbosch, sou bekend staan vir sy uitstekende kennis van die klassieke. Hy dien as 'n oorgangsfiguur tussen die eerste en die tweede tydvak en lewer 'n belangrike bydrae sowel voor as na 1965.

Literatuurverwysings

Botha, J 1992. The ethics of New Testament interpretation. *Neotestamentica* 26, 169-194.

De Gruchy, J 1978. Editorial. New Testament Studies in South Africa, *JThSA* 25, 2.

Deist, F E 1986. Die wa van Ussa oftewel Johannes du Plessis en die belydenisskrifte. *ThEv* 19, 36-65.

De Villiers, T C 1922. *Die sosiale roeping van ons kerk*. Amsterdam: Van Bottenburg.

Draper, J & West, G O 1989. Anglicans and Scripture in South Africa, in Patterson, T J M & England, F, (eds), *Bounty in Bondage*, 30-52. Johannesburg: Ravan. (Festschrift Dean Edward King).

Du Plessis, J 1931. Die leerbesluite van die Vrystaatse Sinode juridies en teologies getoets. *Het Zoeklicht* 9, 144-150.

Engelbrecht, B 1988. Professor A S (Albert) Geyser – 10 February 1918 – 13 June 1985. *JThSA* 70, 4-5.

Erasmus, A S 1986. *Die bediening van Johannes du Plessis (1868-1935) in die Ned Geref Kerk met besondere verwysing na sy teologiese denke: 'n Kerkhistoriese studie.* DTh-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

Gerdener, G B A 1943. *Die boodskap van 'n man*. Stellenbosch: C S V van Suid-Afrika.

Groenewald, E P 1932. Κοινωνια *(gemeenskap) by Paulus*. Delft: Naamlooze Vennootschap.

Groenewald, E P 1938. *Die eksegese van die Nuwe Testament: Rede by die aanvaarding van die pro-fessoraat in die Nuwe Testamentiese Wetenskap in die Teologiese Fakulteit, Afde-ling B, aan die Universiteit van Pretoria, uitgespreek op 7 September 1938.* Pre-toria: Universiteit van Pretoria.

--- 1948. *Die Evangelie volgens Markus*. Pretoria: Van Schaik. (Kommentaar op die Bybel.)

Guy, J 1983. *The heretic: A study of the life of John William Colenso 1814-1883*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Joubert, H L N 1939. *Die roeping, sending en sendingbewussyn van die Nuwe-Testamentiese apostel*. Amsterdam: N.V. Noord-Hollandse Uitgevers.

Kinghorn, J 1986. Die groei van 'n teologie. Van sendingbeleid tot verskeidenheids-teologie, in Kinghorn, J (red), *Die NG Kerk en apartheid*, 86-116. Johannesburg: Macmillan.

Le Roux, J H 1986. Johannes du Plessis as bybelwetenskaplike. *ThEv* 19, 15-35.

--- 1993. *The story of two ways*. Pretoria: Verba Vitae.

Lombard, J A 1985. *Ontwikkelinge in die sendingbeleid en -praktyk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk gedurende 1932-1962.* DTh-proefskrif, Universiteit van die Noorde.

Loubser, J A 1987. *The apartheid Bible: A critical review of racial theology in Southern Africa*. Cape Town: Maskew Miller-Longmans.

Malan, F S 1933. *Ons kerk en Prof du Plessis*. Kaapstad: Nasionale Pers.

Marais, J C 1986. *Die NG Kerk en die regverdiging van apartheid.* Sovenga: Stofberg Teologiese Skool. (Kerk en Wêreld 8.)

Oberholzer, J P 1992. Terugblikke op die Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria, en sy lede – 'n literatuurverkenning. *HTS* 48, 575-584.

Pretorius, H S 1915. *Bijdrage tot de exegese en de geschiedenis der exegese van Romeinen VII*. Amsterdam: Van Bottenburg.

Ridderbos, H N 1959. *Aan de Romeinen*. Kampen: Kok.

Van Aarde, A G 1992a. Die eerste treë op weg na 'n kritiese en historiese Nuwe-Testamentiese wetenskap aan die Universiteit van Pretoria: Die bydrae van J H J A Greyvensteyn, hoogleraar 1917-1945. *HTS* 48, 139-158.

--- 1992b. A S Geyser, teologiese dosent 1946-1961. *HTS* 48, 159-182.

Van der Merwe, N J 1921. *Die sosiale prediking van Jesus Christus*. Amsterdam: Van Bottenburg.

Van der Westhuizen, M J 1916. *De antichrist in het Nieuwe Testament: Exegetische Studie*. Amsterdam: Van Bottenburg.